Leeuwenhof Akademie

WELPIENUUS

Nuusbrief 3 **1 Februarie 2017**

Saamgestel deur Wilna van Rooyen
083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Buitmuurse rooster
Kaskardag 18-02
Bl. 2 Waterfees 3 Feb
Verjaarsdae
My school
Bl. 3 Belangrike datums
SNOEPIE
Besoek van 'n baba
Bl. 4 Geestelike nalatenskap

Buitemuurse roos-ter:

Liewe Ouers,

Ons voorsien graag die buitemuurse aktiwiteite se rooster aan u.

Laat weet asseblief indien u enige bykomende inligting benodig!

Die aktiwiteite is, soos voorheen genoem, opsioneel.

Ons beveel steeds aan dat u kindertjies nie aan te veel aktiwiteite moet deelneem nie, indien enige.

Kaskardag 18 Februarie 2017:

Op Saterdag 18 Februarie vind ons jaarlikse kaskardag plaas. Dit is een van die hoogtepunte van ons jaarprogram!

Die borgvorms is aan u voorsien, vra asseblief dat oupa, ouma, familie en vriende die donasielys sommer gou vol maak! Ons hoop om ons badkamers met die fondse op te gradeer, indien ons genoegsame fondse insamel.

Al ons maatjies neem deel—gr. 000, 00 en 0. Dis 'n heerlike geleentheid, waarna u gerus oupas en oumas, familie en vriend kan uitnooi.

Daar is 'n optog waaraan ons deelneem, die maatjies ry dan 'n paar rondtes. Die gr. 000 ry met klein plastiese motorfietsies, die gr. 00 maatjies ry met groot plastiese motorfietsies en die gr. 0 maatjies ry met die kaskarre. Een maatjie bestuur en twee maatjies stoot.

Dis groot pret wat deur groot en klein geniet word!

Water- en Waatlemoenfees 3 Februarie:

Ons bied op Vrydag 3 Februarie ons Water- en Waatlemoenfees aan, gedurende ons Vryspel buite tyd. Ons maatjies gaan van 11:00 tot ongeveer 12:30 fees vier, met sewe heerlike aktiwiteite waaraan hul kan deelneem.

Een van die aktiwiteite is 'n groot springkasteel, met allerhande hindernisse, waar hul in klasverband na harte lus gaan speel.

Die fees word afgesluit met 'n waatlemoenpiekniek.

Ons dank aan Juf. Karin, wat die oggend met groot entoesiasme vir ons reël!

Verjaarsdae in Februarie:

Hartlik geluk aan:

Zuané Potgieter, Liam Otto, Caiden Buys, Amori Oosthuizen, Caleb van Zyl, Logan Wright, Benjamin Basham-Spies, Mia Lubbe, Caleb Curle, Nathan Hex, en Ruben Horstmann.

Mag die nuwe lewensjaar besaai wees met vreugde, vrede en seën!

'My school' vorms:

Vul asseblief die 'My school' vorm in, sodat u 'n kaart kan kry, wat u tot voordeel van die skool kan gebruik.

Die vorms sal deur die onderwyseresse in die briewesakkies van die kleuters geplaas word.

Briewesakkies moet asseblief altyd teruggestuur word skool toe.

Baie dankie vir u hulp in dié verband!

Belangrike datums:

1 Februarie 2017:
Besoek van 'n baba
3 Februarie:
Water- en Waatlemoenfees 11:00-12:30
10 Februarie:
Poppedag—enige poppe of mannetjies
13 Februarie:
Broeikas by die skool—eiers broei uit!
18 Februarie:
KASKARDAG!!!!

Snoepiebestellings:

Indien u kossies in die week, of dalk 'n lekkernytjie op 'n Vrydag, vir die kleuters wil bestel, kan u dit direk by Angie doen, per e-pos:

Bestelling moet asb. vroegtydig geplaas en betaal word.:

angie@drehmo.co.za

Bankbesonderhede is:

Mufasa's Den, Nedbank, 1087 629 527, 198765,

Verwysing: Kind se naam en graad

Besoek van 'n baba!:

Mev. Amoré de Guisti het ons vanoggend met haar 16 dae oud babatjie besoek. Dankie aan juf. Zuanéll, wat die besoek vir ons gereël het.

Ons kleuters weet nou sommer baie meer van babatjies af!

Baie dankie aan Amoré, vir die moeite wat sy gedoen het en al die baba benodigdhede wat sy saamgebring het!

Geestelike nalatenskap—dr. James Dobson *Gee jou geloof aan:*

'Die beste manier om 'n gesprek aan te knoop oor jou kind se behoefte daaraan om God se gawe van genade te ontvang, is om jou eie geloofsreis met hulle te bespreek. Jy kan hulle ook herinner aan:

- Die grootheid en goedheid van hul hemelse Vader … hoe lief Hy hulle het;
- Hoe nodig hulle Jesus het om hulle te vergewe vir die dinge wat hulle doen wat Hom nie behaag nie;
- Hoe Jesus se dood aan die kruis en sy opstanding uit die dood hulle van hul sondes bevry en hulle 'n lewenslange verhouding met God gee;
- En dat God hulle so liefhet dat Hy in hul harte wil woon en hulle hemel toe wil neem wanneer hul eendag sterwe.'

Baie dankie vir die wyse waarop julle jul kinders opvoed!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen